MEDIAVERKLARING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

GEWILDE MARK EERS OP 6 APRIL

Pretoria, 26 Maart 2015. Die gewilde antiek- en versamelaarsmark by die Voortrekkermonument sal hierdie jaar eers wegskop op Maandag, 6 April van 09:00 tot 15:00. Soos gewoonlik is dit op die dak van die groot Amfiteater op die Monumentterrein.

Die mark moes hierdie jaar die eerste datum van die jaar skuif, omdat die SA 4x4 Buitelugskou oor die naweek van 21-22 Maart plaasgevind het. Die mark bied ‘n wye verskeidenheid goedere vir versamelaars aan en antieke items is te koop; letterlik van ou erdeware tot Barbiepoppe en pragtige *art deco*-beeldjies.

Stalletjies by die mark is moeilik bekombaar en daar is ‘n waglys van ten minste drie jaar vir voornemende uitstallers.

Daar is verversings en ‘n restaurant by die mark, asook ‘n paar stalletjies met heerlike delikosse. Veilige parkering is beskikbaar teen slegs R20 toegang per voertuig. Die terrein is veilig vir kinders en rolstoeltoeganklik.

Navrae aangaande die antiekmark kan gerig word aan Geraldine by 012 326 6770 of by bemarking@vtm.org.za.

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@vtm.org.za